Beste kollega 1 Februarie 2005

Die jaar 2004 is iets van die verlede…

Vanjaar het begin met baie aktiwiteite en mense het al vroeg begin werk om voor te berei vir die registrasieproses, om navorsingsverslae afgehandel te kry, en dies meer.

- Raadswerkswinkel [lees meer]
- Die visie- en missieproses [lees meer]
- Bestuurs- en organisatoriese kwessies [lees meer]
- Die toekoms van Mankwekampus [lees meer]
- Die jaar wat voorlê [lees meer]

Raadswerkswinkel

- Die Raad het ’n goeie voorbeeld gestel met hulle twee dae lange werkswinkel op 14 en 15 Januarie 2005. Die doel was om mekaar beter te leer verstaan, om meer vertroue tussen raadslede te kweek, en sodoende die visie- en missieproses aan te gang te kry. Dit is vir my aangenaam om te kan rapporteer dat die werkswinkel ’n groot sukses was, en dat heelwat vordering gemaak is.
- Vyf werksgroepe is geskep en kwessies wat hanteer is, sluit in die verhouding tussen korporatiewe regering en bestuur in die gewone sin van die woord, die universiteit se bestuursmodel, sy relevansie en verantwoordelikheid, sy institusionele profiel en sy “DNS” (o.a. taal, kultuur en godsdiens).
- Die konsensusverslae deur die verskillende werksgroepe is uitgebrei en fyner uitgewerk tydens ’n werkswinkel op Saterdag 29 Januarie. Die resultate van hierdie raadsproses sal belyn word met die visie- en missieproses wat deur die loop van Februarie op die verskillende kampusse sal plaasvind.

Die visie- en missieproses

- Aangesien ons as nuut saamgesmelte universiteit teen die einde van Junie ’n institusionele plan (met ’n visie en missie) aan die Onderwysdepartment moet voorlê, het die raad reeds begin met die visie- en missieproses.
- Die Institusionele Bestuur (IB, bestaande uit die visekanselier, die adjunkhoof, die drie kampusrektore, die institusionele registrateur en drie institusionele direkteurs) het koppe bymekaaar gesit en met ’n raamwerk vir die visie- en missieproses vorendag gekom, wat gewysig en uiteindelik aanvaar is deur die senior bestuursgroep (SB, bestaande uit die IB en die kampusbesture, sowel as die dekane op die onderskeie kampusse, ’n groep van 30).
- Hierdie strategiese raamwerk sal saam met ’n agtergronddokument aan alle personeellede en aan die studenteleierskap gestuur word, met ’n oop uitnodiging om op die onderskeie kampusse aan die proses deel te neem. Die eerste byeenkomste sal groot kampusvergaderings wees waarby die visekanselier en die kampusrektore die proses sal “afskop” deur die raamwerk bekend te stel. Die datums vir hierdie byeenkomste is die volgende:
    - Vaaldriehoekkampus: 1 Februarie om 14:00-15:30 in die Samancor-Ouditorium;
    - Potchefstroomkampus: 3 Februarie om 14:00-15:30 in G20; en
    - Die Mafikeng- en Mankwekampus: 8 Februarie om 14:00-15:30 (vergaderplek sal later aangekondig word).

- Na die kampusvergaderings sal daar deur verskeie vergaderings in die loop van Februarie met die onderskeie kampusbelanghebbendes oorleg gepleeg word.
- Die resultate van hierdie oorlegplegings sal deur die IB (in die besonder die visekanselier en die kampusrektore) geëvalueer en aan die SB voorgelê word, waarna dit formeel voor die senaat, die institusionele forum, die institusionele VSR en die bestuur van die konvokasie sal dien. Die gewysigde konsep sal dan aan die raadsvergadering van 15 April 2005 vir goedkeuring voorgelê word.
- Die Raad sal seker maak dat die werk wat in die werksgroepe gedoen is inderdaad in die konsepvisie en -missie in aanmerking geneem is, en sal dan die visie en missie as eerste formele konsep aanvaar.
- Gedurende April en Mei sal met eksterne belanghebbendes in die regering, die gemeenskappe en die privaatsektor oor hierdie konsep oorleg gepleeg word. Die finale konsep sal op die raadsvergadering in Junie oorweeg word.
- Laat ek hierdie gedeelte afsluit deur daarop te wys dat die visie- en missieproses twee ander voordele inhou: dit sal ons help om mekaar beter te leer ken, en dit sal ons (in 'n van-onder-na-bo-benadering) help om te besluit op die beste strategie vir ons nuwe universiteit vir die volgende aantal jare. Ek doen dus ’n beroep op alle personeel om ten volle aan hierdie belangrike proses deel te neem.

Bestuurs- en organisatoriese kwessies

- Die IB en SB het die jaar ook vroeg begin met afsonderlike, maar belynde, kursusse in **bestuursopleiding en -ontwikkeling** gedurende die week van 10–14 Januarie 2005. Almal het te kenne gegee dat hierdie kursusse waardevol, maar veeleisend was.
- Die twee hoofdoelwitte van die kursusse is ten volle bereik, naamlik die opleiding van bestuurders in basiese en gevorderde bestuurstegnieke en modelle (soos finansiële bestuur, strategiese bestuur en diversiteitsbestuur, en bestuur van verandering), en die totstandbrenging van ’n gemeenskaplike bestuursfilosofie en -taal oor die onderskeie kampusse heen.
- In die lig van die voordele wat reeds duidelik sigbaar is, word in die vooruitsig gestel dat ander vlakke van bestuur (soos direkteure en departementshoofde by skole en departemente, sowel as direkteure by die hoofkantoor) ook so gou moontlik sal deelneem aan hierdie tipe program (moontlik reeds tydens die Maart-reses, andersins tydens die Julie-reses).
- Wat betref die **nuwe organisatoriese struktuur**, is ’n aantal aanstellings gemaak, wat in die geheel binne die volgende paar weke aangekondig sal word. Ek kan volstaan deur te sê dat die Institusionele Bestuur nou in plek is, aangesien die nuwe rektor van die Mafikengkampus, Dr Dan Kgwadi, se ampstermyn op 1 Januarie 2005 begin het. Die meeste van die personeel van die institusionele hoofkantoor is reeds aangestel. Dieselfde geld vir die kampusbesture, wat in die reël bestaan uit die kampusrektor, die kampusviserektor (akademies), die kampusregistrateur, die hoofdirekteur finansies en bedryf en die direkteur/hoof van bemarking en kommunikasie, sowel as die kampusspesifieke bestuurders.

Die toekoms van Mankwekampus

Soos wat deur die Raad besluit is in November 2004, is ‘n begin gemaak met die proses wat verband hou met afdeling 189 van die Arbeidswet. Op 7 Desember 2004 is ‘n eerste vergadering gehou waar die groep (bestaande uit bestuur en personeel) gekonstitueer is. Op 25 Januarie 2005 is ‘n tweede vergadering gehou waar die “huisreëls” aanvaar is en die werk in alle erns begin is. Die volgende vergadering is vir 15 Februarie 2005 geskeduleer.

Die jaar wat voorlê

- 2005 beloof om ’n opwindende en merkwaardige jaar in die kort bestaan van ons universiteit te wees. Dit is ’n jaar van baie “eerstes”, soos die inhuldiging van die kanselier, die visie- en missieproses en die finalisering van ’n aantal beleide en prosesse.
- Die onderskeie **kampusopeninge** vind almal binne die volgende maand plaas. Afgesien daarvan dat dit die amptelike openinge van die kampus en van kampusaktiwiteite is, sal die kampusrektore ook by dié geleenthede ingehuldig word. Nadere besonderhede sal op die onderskeie kampusse beskikbaar gestel word, maar die datums is soos volg:
    - 11 Februarie: Potchefstroomkampus
    - 17 Februarie: Vaaldriehoekkampus
    - Einde Februarie: Mafikengkampus (presiese datum sal nog bevestig word)

  Die **inhuldiging van die kanselier en visekanselier** sal plaasvind op Donderdag 14 April 2005. Dit sal saamval met die formele bekendstelling van die nuwe universiteit en ’n verslag aan belanghebbendes oor die eerste jaar van die samesmelting en die resultate wat behaal is. Nadere besonderhede sal later bekendgemaak word.

  Ons hoop dat die **statuut** binnekort aanvaar sal word deur die minister. Goedkeuring is deur verskeie kwessies vertraag, waaronder kommer oor die aard van die samesmelting, en sommige interne belanghebbendes (soos die Personeelvereniging en die VSR op die Mafikengkampus) wat hul kommer uitgespreek het oor die oorlegplegingsproses. As die statuut eers goedgekeur is, sal die universiteit beter en meer koste-effektief kan funksioneer (die nuwe senaat sal bv. slegs uit 70 lede bestaan – in teenstelling met die 230 tans).

  Ondertussen is begin met die registrasieproses van die nuwe **eerstejaars**. Ons is gelukkig dat ons weer eens nie slegs ’n groot getal studente lok nie, maar ook studente van goeie gehalte.

  Tesame met die visie- en missieproses het die SB ook begin kyk na ’n **oorhoofse strategie** vir die jaar. Hoewel dit nog in die beginfases is, lyk dit of daar konsensus bestaan dat ons fokus moet wees om ons kernbesigheid te verbeter. Op die gebied van **onderrig-leer** lyk dit asof daar ’n behoefte bestaan om te fokus op die vordering van spesifiek eerstejaars, aangesien heeltemal te veel van hulle nie verder as hul eerste jaar vorder nie. Die **navorsingstaak** is altyd ’n belangrike een, en dit is ’n saak van prioriteit om die getal gepubliseerde artikels en die getal meesters- en doktorsgraadstudente te vermeerder. Met regeringsbefondsing wat jaar na jaar afneem, is die derde prioriteit om sogenaamde derdegeldstroom-inkomste te genereer, onder andere deur kommersialisering en kortkursusse – dit staan bekend as **implementering van kundigheid**.

Ten slotte : Soos wat duidelik na vore sal kom uit die agtergronddokument wat aan alle personeellede gestuur sal word, toon statistiek dat ons goed gevaar het op sommige gebiede, maar dat daar nog ’n lang pad voorlê om ’n universiteit in die ware sin van die woord te word. Deur die samesmelting en dit wat op die onderskeie kampusse tot stand gebring is, het ons die grondslag gelê. Dit is nou ons taak om een span te word, met een doel, en om ons kernbesigheid reg te kry. Ek wens elke personeellid sterkte toe met hierdie gesamentlike poging. Mag u suksesvol wees sodat ons almal suksesvol kan wees…

Met hartlike Noordwes-groete,

Theuns Eloff
VISEKANSELIER